

---

# Prestasieprofiele vir hoëvlakwerkkrig: 'n Verkorte toetsbattery

W.L. Roos



RGN · HSRC

001.3072068 HSRC  
MN 114

# BIBLIOTEK LIBRARY

## RGN

RAAD VIR  
GEESTESWETENSKAPLIKE  
NAVORSING

## HSRC

HUMAN  
SCIENCES RESEARCH  
COUNCIL



RGN · HSRC



SENTRUM VIR BIBLIOTEEK- EN  
INLIGTINGSDIENSTE  
CENTRE FOR LIBRARY AND  
INFORMATION SERVICES

VERVALDATUM/DATE DUE

1987 -02- 1 8			
1988 -05- 3			
1988 -08- 8			
1988 -11- 03			
10 APR 1990			

0000806406



2844363866



001.3072068 HSRC MW 114



\* 0 8 0 6 4 0 \*



Tel. 202-2908

2996  
SBI van die RGN / CLI of the HSRC  
Privaatsak / Private Bag X41  
0001 PRETORIA  
17.04.1990

Sauer, G.  
IPEN / IPER  
Loopbaan

1e VERSOEK / 1st REQUEST

Aangesien die leentyd van die ondergenoemde publikasie verstryk het, word u vriendelik versoek om dit terug te besorg (met 'n versoek om verlenging indien nodig).

Since the loan period of the undermentioned publication has expired, you are cordially requested to return it (with a request for an extension if required).

TITEL / TITLE:  
Prestasieprofiele vir hoevlakwerkkrag

NAAM / NAME:  
Roos, W.L. (Willem Lodewyk)  
RAKNO. / SHELF NO.: 001.3072068 HSRC MN 114  
KOPIE / COPY: 80640

HOOF: SBI / HEAD: CLI



Prestasieprofile vir hoëvlakwerkkrag: 'n  
Verkorte toetsbattery





Navorsingsbevinding MN-114

# Prestasieprofiele vir hoëvlakwerkkrug: 'n Verkorte toetsbattery

W.L. Roos

**RGN** BIBLIOTEK **HSRC**  
LIBRARY

1985 -05- 23

<b>STANDKODE</b> 001.3072068 HSRC MN 114	<b>REGISTERNOMMER</b>  066877
<b>BESTELNOMMER</b> 210	

W.L. Roos, D.Phil., Navorsingspesialis

Instituut vir Mannekragnavorsing  
Uitvoerende Direkteur: S.S. Terblanche

ISBN 0 7969 0213 5

Prys: R6,20  
(AVB uitgesluit)

© Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1985

Gedruk deur die RGN

## ERKENNING

Die gegewens wat gebruik is in die navorsing waaroor hierdie publikasie handel, is deur middel van Projek Talentopname verkry wat onderneem is met die samewerking van al die onderwysdepartemente vir Blankes in die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika, asook die verenigings van kerk- en privaatskole.

Die persone wat verantwoordelik was vir die breë beplanning tussen 1959 en 1964 en die nodige oortuigingswerk gedoen het om Talentopname ten uitvoer te bring, was dr. P.M. Robbertse, voormalige President van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), prof. H.P. Langenhoven, en dr. A.B. Fourie, tans verbonde aan die Departement van Onderwys en Opleiding. Talentopname is uitgevoer onder leiding van mnr. W. Verhoef, voormalige direkteur van die betrokke instituut, en dr. W.L. Roos, navorsingspesialis van die Instituut vir Mannekragnavorsing (IMAN). Die meetinstrumente wat in Talentopname se drie groot toetsprogramme op standerd 6-, 8-, en 10-vlak gebruik is, is opgestel deur die Instituut vir Psigologiese en Edumetriese Navorsing (IPEN) van die RGN.

Gedurende die beplanningstadium en met die toepassing van die toetsprogramme is Talentopname se personeel bygestaan deur 'n advieskomitee bestaande uit verteenwoordigers van die onderwysdepartemente van die RSA en SWA, verenigings van kerk- en privaatskole en die Nasionale Onderwysraad. Hierdie advieskomitee se hulp en bystand word in die besonder gewaardeer. Die komitee is gedurende 1973 ontbind en die funksies daarvan is deur die Advieskomitee vir Mannekragnavorsing oorgeneem.

Talentopname geskied in noue samewerking met die Dataverwerkingsentrum van die RGN se Buro vir Ondersteunende Navorsingsdienste (BOND) wat verantwoordelik is vir die masjinale opberging en verwerking van alle Talentopnamegegewens.

'n Woord van dank aan die meer as duisend persone, meesal onderwysers, wat as toetsafnemers, organiseerders of toesighouers by skole opgetree het, asook aan personeellede van die afdelings sielkundige en voorligtingsdienste van die onderwysdepartemente, wat toetsafnemers opgelei het en 'n belangrike skakel in die organisasie van die toetsprogramme was. Ten slotte sou die uiteindelijke sukses van Talentopname nie moontlik gewees het sonder die heelhartige samewerking van die ongeveer 85 000 leerlinge wat daarby betrokke was nie.



## INHOUD

## BLADSY

### SUMMARY/OPSOMMING

vii & viii

1	INLEIDING EN DOEL	1
2	METODE VAN ONDERSOEK	3
2.1	Ondersoekgroep	3
2.2	Seleksie van veranderlikes	5
2.3	Beskrywing van veranderlikes	6
2.4	Statistiese prosedures	9
3	RESULTATE EN BESPREKING	10
4	GEVOLGTREKKING	29
5	AANBEVELING	29
	BRONNELYS	62



## SUMMARY

In a report Prestasieprofiele vir hoëvlakwerk the test performance of pupils who took part in the test programmes of Project Talent Survey was related to their study success at university. The aim of the investigation was inter alia to determine whether the psychological measuring instruments used in Talent Survey were able to distinguish between broad fields of study at university. If this was found to be the case, the measurements at school level that were obtained from such measuring instruments could be used to advise pupils on their particular choice of study field and/or occupation.

Despite the fact that all the measuring instruments that were used in Talent Survey distinguished significantly between broad fields of university study, it seems that some variables (in other words, the individual test, field or scale) made only a limited contribution to group differences. The possibility therefore arose of constructing an abridged test battery based only on those variables that make an essential contribution to group differences. The usefulness of such a battery for study and career guidance will be determined by the extent to which it is able to distinguish between the different fields of study.

Seven variables were selected for Standard 6 and eleven for Standards 8 and 10 respectively on the basis of a statistical criterion. These variables appear to distinguish significantly between broad fields of study at university and can be used to advantage in educational and/or career guidance.

## OPSOMMING

In 'n verslag getitel Prestasieprofiele vir hoëvlakwerkkrug is die toetsprestasies van leerlinge wat aan Projek Talentopname se toetsprogramme deelgeneem het, in verband gebring met hul studiesukses op universiteit. Die doel met die ondersoek was onder andere om te bepaal of die sielkundige meetinstrumente wat in Talentopname gebruik is tussen breë universitêre studierigtings kan onderskei. Indien die sielkundige meetinstrumente tussen breë studierigtings onderskei, kan die metings wat op skoolvlak van sodanige meetinstrumente verkry word, gebruik word om leerlinge voor te lig ten opsigte van 'n studie- en/of beroepsrigtingkeuse.

Alhoewel al die meetinstrumente wat in Talentopname gebruik is, betekenisvol tussen breë universitêre studierigtings onderskei, blyk dit dat sommige veranderlikes (dit wil sê die individuele toets, veld of skaal) slegs 'n geringe bydrae tot groepverskille lewer. Die vraag het dus ontstaan na die moontlikheid om op grond van slegs daardie veranderlikes wat 'n wesenlike bydrae tot groepverskille lewer 'n verkorte toetsbattery saam te stel vir die doel van studie- en/of beroepsleiding en om te bepaal hoe goed sodanige battery tussen studierigtings onderskei.

Op grond van 'n statistiese kriterium is sewe veranderlikes vir standerd 6 en elf vir standerds 8 en 10 onderskeidelik geselekteer. Dit blyk dat hierdie veranderlikes betekenisvol tussen breë universitêre studierigtings onderskei en met vrug in onderwys- en/of beroepsleiding gebruik kan word.



In 'n verslag getitel Prestasieprofiele vir hoëvlakwerkkrag (Roos 1984), is die toetsprestasies van leerlinge wat aan Projek Talentopname se toetsprogramme in standerd 6, 8 en 10 deelgeneem het, in verband gebring met hul studiesukses op universiteit. Die doel met die ondersoek was onder andere om te bepaal of die sielkundige meetinstrumente wat in Talentopname gebruik is tussen breë universitêre studierigtings kan onderskei. Indien die sielkundige meetinstrumente tussen breë studierigtings onderskei, kan die metings wat op skoolvlak van sodanige meetinstrumente verkry word, gebruik word om leerlinge voor te lig ten opsigte van studie- en/of beroepsrigtingkeuses.

Dit het uit die ondersoek geblyk dat al die meetinstrumente wat in Projek Talentopname gebruik is, betekenisvol tussen studierigtings onderskei en gevolglik met vrug in onderwys- en/of beroepsleiding gebruik kan word. Aangesien Talentopnameleerlinge in standerd 6, 8 en 10 verskillende soorte toetse afgelê het, kon prestasieprofiele vir intelligensie, aanleg, skolastiese bekwaamheid, belangstelling, persoonlikheid, aanpassing en studiegewoontes en -houdings ten opsigte van agt breë studierigtings opgestel word. Die studierigtings was die volgende: Toegepaste natuurwetenskappe; suiwer natuurwetenskappe; toegepaste geesteswetenskappe; suiwer geesteswetenskappe; ingenieurswese; medies, tandheelkunde en veeartsenykunde; handel en administrasie; en regte.

Die waarde van die prestasieprofiele is daarin geleë dat dit die voorligter van 'n maatstaf voorsien waarmee die potensiaal van 'n leerling vergelyk kan word met die oog op 'n studie- en/of beroepskeuse. Indien 'n voorligter dus oor die toepaslike toetsprestasies van 'n leerling in standerd 6, 8 of 10 beskik, kan dit met die profiele van die verskillende studierigtinggroepe vergelyk word om te besluit met watter groep se profiel die leerling se prestasies die beste ooreenstemming toon. Met hierdie inligting tot sy beskikking, kan 'n leerling dan gelei word om 'n geskikte studie- en/of beroepskeuse te doen.

Die tegniek van diskriminantontleding is gebruik om te bepaal of verskille tussen groepe betekenisvol is en watter veranderlikes die beste tussen groepe onderskei. Diskriminantontleding is 'n statistiese tegniek wat veranderlikes se eienskappe benut om verskille tussen groepe die duidelikste te laat blyk. Dit word bewerkstellig deur die skepping van 'n lineêre diskriminantfunksie (LDF) wat die reglynige kombinasie van veranderlikes is wat optimaal tussen groepe diskrimineer (Tatsuoka 1970, Le Roux 1982). Die getal LDF's word bepaal deur die getal groepe wat vergelyk word. Vir  $k$  groepe is daar  $k-1$  LDF's behalwe in die geval waar die getal veranderlikes,  $p$ , minder is as  $k-1$  wanneer die getal LDF's gelyk is aan  $p$  (Tatsuoka en Tiedeman 1954).

Diskriminantontleding berus op twee voorwaardes: eerstens moet die binnegroepvariansies gelyk wees ( $H_1$ ) en tweedens moet daar (volgens 'n MANOVA F-toets) 'n algehele verskil tussen groepe bestaan ( $H_2$ ), dit wil sê die groepsentroïdes moet betekenisvol verskil (Cooley en Lohnes 1971).

Hipoteses  $H_1$ , gelykheid van binnegroepvariansies (dispersie), word eerste getoets. Indien die dispersie van groepe volgens die betrokke F-waarde gelyk is, dit wil sê die F-waarde vir  $H_1$  is nie betekenisvol op die 5 %-peil of beter nie, kan met 'n diskriminantontleding voortgegaan word. In hierdie ondersoek is met 'n diskriminantontleding voortgegaan al was die dispersie van groepe nie gelyk nie. Die rede hiervoor is dat meerveranderlike-ontledings-tegnieke kragtige toetse is wat in die praktyk nie veel beïnvloed word wanneer nie streng aan die aannames daarvan voldoen word nie (Cooley en Lohnes 1971).

Tweedens word hipoteses  $H_2$  getoets. Indien die F-waarde vir  $H_2$ , algehele diskriminasie, betekenisvol is op die 5 %-peil of beter, beteken dit dat die groepsentroïdes betekenisvol van mekaar verskil en dat dit sinvol is om met 'n diskriminantontleding voort te gaan.

In die genoemde ondersoek (Roos 1984) is die diskriminantontledingsresultate in hoofsaak geïnterpreteer op grond van die diskriminantstruktuurkoëffisiënte ( $r_{zf}$ -waardes) wat die korrelasies tussen die veranderlikes en die LDF's verteenwoordig (Mulaik 1972). Veranderlikes wat die hoogste korrelasies met die LDF's toon, lewer die grootste bydrae tot groepverskille vir die betrokke LDF.

Alhoewel, soos reeds genoem, al die meetinstrumente wat in Talentopname gebruik is, betekenisvol tussen die studierigtinggroepe onderskei, het dit nogtans geblyk dat sommige veranderlikes (dit wil sê die individuele toets, veld of skaal) volgens hul  $r_{zf}$ -waardes slegs 'n geringe bydrae tot groepverskille lewer. So byvoorbeeld blyk dat alhoewel die 19-VBV as instrument betekenisvol tussen studierigtinggroepe onderskei, slegs vyf van die een-en-twintig 19-VBV-velde wat in die diskriminantontleding gebruik is 'n wesentliche bydrae tot groepverskille lewer volgens die  $r_{zf}$ -waardes, dit wil sê 'n korrelasie van 0,5 en hoër met die eerste LDF toon.

Aangesien die eerste LDF die grootste proporsie bydra tot die totale variansie van groepverskille, volg dit logies dat veranderlikes wat die hoogste  $r_{zf}$ -waardes met hierdie LDF toon, die beste bydrae tot groepverskille lewer. In die lig hiervan het die vraag ontstaan ten opsigte van die moontlikheid om op grond van slegs daardie veranderlikes wat 'n wesentliche bydrae tot groepverskille lewer 'n verkorte toetsbattery saam te stel vir die doel van studie- en beroepsleiding en om te bepaal hoe goed sodanige battery tussen studierigtings onderskei. Die waarde van so 'n verkorte toetsbattery vir die doel van onderwys-, studie- en/of beroepsleiding is voor-die-handliggend.

## 2 METODE VAN ONDERSOEK

### 2.1 ONDERSOEKGROEP

Die ondersoekgroep is alle manlike leerlinge wat aan een of meer van Talentopname se toetsprogramme in standerd 6, 8 en 10 deelgeneem en

tot 1980 n universiteitskwalifikasie verwerf het. Hierdie gegradueerdes is in agt breë studierigtings verdeel. Die universiteitsgrade wat by elk van die studierigtings ingedeel is, verskyn in bylae A van die genoemde verslag (Roos 1984) en gee n duidelike beeld van die samestelling van die studierigtinggroepe.

Die ondersoekgroep vir hierdie studie is dus dieselfde manlike leerlinge wat in die vorige ondersoek (Roos 1984) gebruik is. Die verdeling van die ondersoekgroep volgens studierigtings vir standerds 6, 8 en 10 word in tabel 2.1 gegee.

TABEL 2.1

VERDELING VAN DIE ONDERSOEGROEP VOLGENS STUDIERIGTINGS

Studierigtings	Universum		Steekproef		Steekproef	
	st. 6		st. 8		st. 10	
	N	%	N	%	N	%
Toegepaste natuurwetenskappe (TNW)*	372	10,7	84	11,1	130	11,5
Suiwer natuurwetenskappe (SNW)	312	9,0	77	10,2	116	10,2
Toegepaste geesteswetenskappe (TGW)	116	3,3	26	3,4	37	3,3
Suiwer geesteswetenskappe (SGW)	580	16,7	131	17,3	191	16,8
Ingenieurswese (ING)	516	14,8	111	14,6	178	15,7
Medies + tandheelkunde + veeartsenykunde (MTV)	462	13,3	92	12,1	131	11,5
Handel + administrasie (HA)	768	22,0	159	20,9	240	21,1
Regte (R)	354	10,2	79	10,4	113	9,9
TOTAAL	3 480	100,0	759	100,0	1 136	100,0

\*Afkortings van die studierigtinggroepe word waar nodig in tabelle, figure en die teks gebruik.

Aangesien die universum van hoërskoolleerlinge onder andere in Talent-opname getoets is, word die ondersoekgroep wat 'n universiteitskwalifikasie verwerf het, beskou as 'n verteenwoordigende steekproef van sodanige leerlinge vir elk van die betrokke standerds sodat die resultate veralgemeen kan word na daaropvolgende jare se hoërskoolleerlinge met die aanname dat toekomstige leerlinge nie noemenswaardig sal verskil van die ondersoekgroep nie.

## 2.2 SELEKSIE VAN VERANDERLIKES

Veranderlikes wat volgens die vorige ondersoek die hoogste  $r_{zf}$ -waardes met die eerste LDF getoon het, is vir die verskillende meetinstrumente wat in standerd 6, 8 en 10 toegepas is, geselekteer om in hierdie studie te gebruik. Van die oorspronklike 37, 50 en 55 veranderlikes wat onderskeidelik in standerd 6, 8 en 10 verkry is en met die vorige studie in die diskriminantontledings gebruik is, is die onderstaande veranderlikes vir elk van die drie standerdvlakke geselekteer. Die veranderlikes se  $r_{zf}$ -waardes op grond waarvan hulle vir hierdie studie geselekteer is, word by elke veranderlike gegee.

<u>Standerd 6</u>	<u><math>r_{zf}</math>-waardes</u>
Nie-verbale IK	-0,725
JAT : Onderdele	0,576
JAT : Vierkante	0,721
ATTR: Rekenkunde	0,747
HSPV: Faktor I	-0,793
Aanpassing: Veld 5	-0,559
Aanpassing: Veld 7	0,496

<u>Standerd 8</u>	<u><math>r_{zf}</math>-waardes</u>
Nie-verbale IK	-0,725
SAT: Patroonvoltooiing	0,680
SAT: Ruimtelik 2-D	0,616
SAT: Ruimtelik 3-D	0,754
Meetskunde	0,895
Algebra	0,886
SBB: Natuurwetenskappe	0,655
SBB: Rekenkunde	0,761
GSZ: Veld 6	-0,634
GSZ: Veld 8	-0,611
HSPV: Faktor I	-0,793

<u>Standerd 10</u>	<u><math>r_{zf}</math>-waardes</u>
Nie-verbale IK	-0,725
SAT: Patroonvoltooiing	0,680
SAT: Ruimtelik 2-D	0,616
SAT: Ruimtelik 3-D	0,754
SBB: Natuurwetenskappe	0,655
SBB: Rekenkunde	0,761
19-VBV: Veld 11	-0,631
HSPV: Faktor I	-0,793
OSGH: Skaal 1	0,618
OSGH: Skaal 2	0,927
OSGH: Skaal 5	0,844

### 2.3 BESKRYWING VAN VERANDERLIKES

Die meetinstrumente wat in Talentopname se toetsprogramme vir standerd 6, 8 en 10 gebruik is, word volledig in 'n vorige publikasie gegee (Verhoef en Roos 1970) met vermelding van betroubaarheid, metingsfout en ander relevante inligting. In hierdie studie word dus volstaan

met 'n relatief beknopte beskrywing van bogenoemde veranderlikes maar wat tog volledig genoeg is om 'n goeie aanduiding te verkry van die aard van elk van die veranderlikes.

Nie-verbale IK verteenwoordig die gesamentlike punte van die NSAG se drie nie-verbale subtoetse, naamlik Getallerye, Figuuranalogieë en Patroonvoltooiing.

JAT: Onderdele meet 'n persoon se kennis van meganiese voorwerpe, gereedskap en onderdele en hulle onderlinge verwantskap met mekaar.

JAT: Vierkante meet die vermoë om vormmateriaal in die verbeelding te manipuleer en tot 'n geheel wat aan sekere vereistes moet voldoen, te organiseer.

SAT: Patroonvoltooiing bestaan uit onvoltooide patroonmatrikse. Uit die deel van die matrikse wat gegee word, moet die toetsling 'n reël aflei en dan die matriks daarvolgens voltooi. Hierdie toets meet die redeneringsfaktor R.

SAT: Ruimtelik 2-D se items bestaan elkeen uit 'n reeks figure waaruit 'n persoon die ontoepaslike figuur moet aandui. Visualisering van die figure en rotasie in 'n tweedimensionele ruimte is nodig vir die oplossing van die vrae. Hierdie toets meet die ruimtelike faktor S, waar tweedimensionele visualisering 'n rol speel.

SAT: Ruimtelik 3-D bestaan uit twee afdelings. In afdeling A moet die persoon vir elke item uit 'n groep van vyf tekeninge van blokkies dié een kies wat presies op 'n ander gegewe blokkie pas. Hierdie blokkie is by die groep geteken. In afdeling B moet die persoon 'n kubus wat nie in 'n reeks van vyf pas nie, vind. Hierdie toets meet die ruimtelike faktor S, waar driedimensionele visualisering 'n rol speel.

ATTR: Rekenkunde bevat vyftig items wat voorsiening maak vir kennis en vaardigheid in die vier hoofbepourkinge, meganiese bepourkinge en probleme.

Meetkunde gee 'n meting van 'n leerling se kennis en begrip van Meetkunde en Grafieke. Dit bestaan uit items oor punte, lyne, hoeke, driehoeke, veelhoeke, sirkels, meetkundige konstruksies, die lokusbegrip, eenvoudige grafieke, ensovoorts.

Algebra gee 'n meting van 'n leerling se kennis, vaardigheid, insig in en begrip van Algebra. Dit bestaan uit items oor basiese begrippe en bepourkinge, eenvoudige probleme, vergelykings en faktore.

SBB: Natuurwetenskappe meet 'n persoon se bekwaamheid in dié wetenskappe waarin 'n studie van die voorwerpe, wette, verskynsels, ensovoorts van die natuur gemaak word. Die fisiese sowel as die biologiese wetenskappe word gedek.

SBB: Rekenkunde meet 'n persoon se bekwaamheid in die uitvoering van verwerkings met getalle en sy begrip en insig in getalsisteme. Dit sluit rekenkundige sowel as wiskundige vrae in.

GSZ: Veld 6 meet die belangstellingsrigting Wetenskap - Teoreties, dit wil sê belangstelling in beginsels, metodes en teorieë in die natuurwetenskappe.

GSZ: Veld 8 meet die belangstellingsrigting Meganies - Ontwerp, dit wil sê belangstelling in die verskillende vertakkings van die ingenieurswese (Siviel, Meganies, Chemies, Elektries en Lugvaart).

19-VBV: Veld 11 meet die belangstellingsrigting Wetenskap, dit wil sê belangstelling in die fisiese en biologiese wetenskappe.



HSPV: Faktor I verteenwoordig die persoonlikheidstrek Realisties/ Gevoelig. 'n Lae telling (stanege 1 tot 3) dui daarop dat die persoon ontoegeeflik, selfstandig en realisties is en geen bogtery verdra nie. 'n Hoë telling (stanege 7 tot 9) dui daarop dat die persoon teerhartig, afhanklik, oorbeskermd en fyngvoelig is.

Aanpassing: Veld 5 meet die aanpassingsveld Sosiale verhoudings, dit wil sê 'n persoon se neiging tot oormatige teruggetrokkenheid.

Aanpassing: Veld 7 meet die aanpassingsveld Morele inslag wat 'n aanduiding gee van 'n persoon se houding ten opsigte van die standarde van gedrag wat deur die maatskappy aanvaar word.

OSGH: Skaal 1 (Vermy van uitstel) dui aan in watter mate 'n leerling sy take stiptelik afhandel, uitstel van werkopdragte vermy en nie geneig is tot onnodige tydverkwisting nie.

OSGH: Skaal 2 (Werkmetodes) gee 'n aanduiding van 'n leerling se gebruik van doeltreffende studiemetodes, sy bekwaamheid in die uitvoering van werkopdragte en in watter mate hy sy skoolwerk op die beste wyse aanpak.

OSGH: Skaal 5 (Aanvaarding van onderwys) bepaal in watter mate 'n leerling opvoedkundige ideale, doelstellings, praktyke en vereistes aanvaar.

## 2.4 STATISTIESE PROSEDURES

Die tegniek van diskriminantontleding is gebruik om te bepaal of die geselekteerde standaard 6-, 8- en 10-veranderlikes betekenisvol tussen studierigtinggroepe onderskei en indien wel, watter veranderlikes die beste bydrae tot groepverskille lewer. Indien betekenisvolle verskille op grond van die diskriminantontleding tussen groepe verkry is, is Duncan se meervoudige omvangstoets gebruik om te bepaal tussen watter groepe die verskille betekenisvol is.

Vir die diskriminantontleding is 'n standaard RGN-program (XMANOVA, 'n Cooley-Lohnes-program) (Cooley en Lohnes 1971) gebruik. Vir Duncan se meervoudige omvangstoets is die standaard SAS-program (Proc GLM) gebruik. Die kriterium vir betekenisvolheid is op die 5 %-peil gestel.

### 3 RESULTATE EN BESPREKING

Die studierigtinggroepe se prestasies in die geselekteerde veranderlikes wat onderskeidelik in standerd 6, 8 en 10 toegepas is, verskyn in tabelle 3.1, 3.2 en 3.3. Die diskriminantontledingsresultate van hierdie prestasies vir die agt studierigtinggroepe word in tabelle 3.4, 3.5 en 3.6 gegee.

Volgens tabelle 3.4, 3.5 en 3.6 blyk eerstens dat die dispersie van groepe vir standerd 6 nie gelyk is nie maar wel gelyk is vir standerds 8 en 10. Tweedens blyk dat die geselekteerde veranderlikes vir al drie standerdvlakke betekenisvol tussen die studierigtinggroepe onderskei. Die verkorte toetsbattery van onderskeidelik sewe veranderlikes vir standerd 6 en elf vir standerds 8 en 10 onderskei dus betekenisvol tussen die studierigtinggroepe sodat hierdie veranderlikes in die onderskeie standerds vir die doel van onderwys- en beroepsleiding gebruik kan word.

Die sewe veranderlikes op standerd 6-vlak verklaar, volgens die  $\text{Eta}^2$ -waardes, 14,38 % van die variansie in groepverskille terwyl die persentasies vir standerds 8 en 10 onderskeidelik 38,92 en 41,29 % is. Die groter persentasie variansie in groepverskille wat deur die veranderlikes vir standerds 8 en 10 verklaar word, is moontlik geleë in die feit dat hierdie twee standerdvlakke ook belangstellingsmetings insluit. In die vorige ondersoek is daarop gewys dat belangstelling, in die geval van potensiële universiteitstudeerders wat reeds geselekteer is ten opsigte van kognitiewe vermoëns, die grootste bydrae tot groepverskille lewer. Die groter bydrae wat belangstellingsmetings in teenstelling met ander metings tot groepverskille lewer, word in tabelle 3.5 en 3.6 getoon deur eersgenoemde veranderlikes se hoër eenveranderlike F- en  $r_{zf}$ -waardes.

TABEL 3.1

STUDIERIGTINGGROEPE SE GEMIDDELDE TELJINGS IN SEWE TOETSVERANDERLIKES (SEUNS ST. 6)

Veranderlikes	Studierigt.ingroepe										R	
	TNW	SNW	TGW	SGW	ING	MTV	IIA					
	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	$\bar{x}$	s
Nie-verbale IK	116,9	120,6	114,1	113,8	122,9	118,6	116,4	115,6	12,3	13,3	13,4	12,8
ATTR: Rekenkunde	7,0	7,4	6,5	6,8	7,8	7,3	7,1	7,0	1,4	1,5	1,6	1,5
JAT: Onderdele	5,2	4,8	4,6	4,4	5,6	4,7	4,7	4,4	2,0	1,9	1,9	2,0
JAT: Vierkante	6,5	6,4	5,8	5,8	7,2	6,4	6,0	5,8	1,8	1,8	1,8	1,9
HSPV: Faktor I	4,7	5,0	5,3	5,4	4,3	4,8	4,5	4,9	2,0	2,1	2,1	2,1
Aanpassing: Veld 5	5,4	5,5	5,5	5,4	5,5	5,3	5,0	5,2	1,9	2,0	2,0	1,9
Aanpassing: Veld 7	4,6	4,8	4,7	4,4	4,4	4,3	4,8	4,5	2,1	2,0	2,0	2,0
N	372	312	116	580	516	462	768	354				

TABEL 3.2  
STUDIERIGTINGSGROEPE SE GEMIDDELDE TELLINGS IN ELF TOETSVERANDERLIKES (SEUNS ST. 8)

Veranderlikes	Studierigtinggroepe										
	TNW $\bar{x}$ s	SNW $\bar{x}$ s	TGW $\bar{x}$ s	SGW $\bar{x}$ s	ING $\bar{x}$ s	MTV $\bar{x}$ s	HA $\bar{x}$ s	R $\bar{x}$ s			
Nie-verbale IK	115,7 12,2	119,3 13,3	113,3 13,2	113,2 12,4	122,7 12,6	117,9 12,3	116,3 12,0	115,0 11,6			
SAT: Patroonvol- tooiing	5,8 2,0	6,2 2,1	5,6 2,2	5,5 1,9	6,7 2,1	6,3 1,6	5,9 1,8	5,6 1,9			
SAT: Ruimtelik 2-D	6,7 1,7	6,4 1,9	6,1 1,9	5,9 1,7	7,3 1,7	6,5 1,7	5,9 1,8	5,6 2,1			
SAT: Ruimtelik 3-D	6,4 1,7	6,8 1,8	5,5 2,1	5,9 1,8	7,2 1,6	6,3 1,9	6,1 1,9	5,8 1,8			
Meetskunde	6,8 1,4	7,2 1,4	6,2 1,5	6,3 1,5	7,2 1,5	7,1 1,3	6,5 1,5	6,3 1,4			
Algebra	6,5 1,4	7,1 1,3	6,4 1,6	6,2 1,6	7,2 1,4	7,0 1,3	6,6 1,3	6,3 1,4			
SBB: Natuurweten- skappe	7,3 1,2	7,4 1,5	7,4 1,2	6,9 1,4	7,6 1,4	7,6 1,4	6,8 1,3	7,1 1,3			
SBB: Rekenkunde	7,0 1,5	7,5 1,2	6,6 1,1	6,7 1,6	7,6 1,3	7,4 1,2	7,2 1,3	6,8 1,5			
GSZ: Veld 6	6,3 1,8	6,4 2,1	4,2 1,8	4,5 2,0	6,8 1,7	6,8 1,7	5,6 1,9	5,4 2,0			
GSZ: Veld 8	4,9 1,9	4,7 2,1	3,1 1,3	3,5 2,1	6,0 2,0	4,3 2,0	4,5 2,1	4,1 1,9			
HSPV: Faktor I	5,0 1,8	5,4 2,2	6,9 1,7	6,3 1,9	4,9 1,9	5,2 2,0	4,7 2,0	5,9 1,7			
N	84	77	26	131	111	92	159	79			

TABEL 3.3

STUDIERIGTINGGROEPE SE GEMIDDELTE TELLINGS IN ELF TOETSVERANDERLIKES (SEUNS ST. 10)

Veranderlikes	Studierigtinggroepe										R					
	TNW	SNW	TGW	SGW	ING	MTV	H/A	$\bar{x}$	s	$\bar{x}$		s				
Nie-verbale IK	122,0	13,9	126,5	15,7	115,4	14,0	118,8	15,6	130,3	14,7	127,3	15,0	121,6	13,9	120,5	13,3
SAT: Patroonvol- tooiing	6,0	1,8	6,1	1,8	5,0	2,1	5,5	1,9	6,8	1,7	6,4	1,9	5,4	2,0	5,3	1,8
SAT: Ruimtelik 2-D	6,2	1,7	6,4	1,9	4,9	1,9	5,7	1,8	6,7	1,7	6,4	1,8	5,8	1,8	5,6	1,8
SAT: Ruimtelik 3-D	6,3	1,7	6,6	1,6	5,3	1,8	5,6	1,6	6,9	1,6	6,3	1,6	5,8	1,8	5,3	1,8
SBB: Natuurweten- skappe	6,5	1,5	7,2	1,4	6,2	1,8	6,4	1,7	7,5	1,4	7,3	1,5	6,2	1,7	6,6	1,7
SBB: Rekenkunde	6,5	1,5	7,1	1,5	6,1	1,5	6,3	1,5	7,4	1,4	7,4	1,3	6,8	1,5	6,3	1,6
19-VBV: Veld 11	5,9	1,9	6,6	1,6	4,2	1,8	4,5	1,9	6,5	1,6	6,9	1,7	4,8	1,8	4,8	1,9
HSPV: Faktor I	4,9	2,1	5,3	2,2	6,2	1,9	6,3	2,0	4,9	2,0	5,5	1,9	4,7	1,9	5,7	2,0
OSGH: Skaal 1	5,4	1,9	5,5	1,8	5,1	2,1	5,2	1,9	5,6	1,8	6,1	1,8	5,3	2,0	5,6	1,9
OSGH: Skaal 2	5,3	1,8	5,7	2,0	5,8	1,4	5,6	1,9	5,8	1,9	6,5	1,5	5,4	1,8	6,0	1,8
OSGH: Skaal 5	5,3	1,7	5,7	2,0	5,5	1,7	5,5	1,9	6,0	1,8	6,4	1,6	5,4	1,9	5,9	1,5
N	130		116		37		191		178		131		240		113	

TABEL 3.4

RESULTATE VAN DISKRIMINANTONTLEDING VIR AGT STUDIERIGTINGSGROEPE EN SEWE TOETSVERANDERLIKES (SEUNS ST. 6)

Veranderlikes	Eenveranderlike F-waardes	Diskriminantstruktuur-koëffisiënte ( $r_{zf}$ )	
		LDF 1	LDF 2
Nie-verbale IK	20,11*	612 <sup>φ</sup>	-117
ATTR: Rekenkunde	26,16*	622	106
JAT: Onderdele	19,56*	538	-168
JAT: Vierkante	32,58*	707	-407
HSPV: Faktor I	13,04*	-373	-574
Aanpassing: Veld 5	4,53*	065	-562
Aanpassing: Veld 7	3,59*	-019	354
Betekenisvolheid van LDF's		p<0,001	p<0,001
Proporsie variansie bygedra		74,90 %	14,77 %
$H_1$ , gelykheid van dispersie: $F_{196/2620555} = 1,30^*$ $H_2$ , algehele diskriminasie : $F_{49/17275} = 10,94^*$ MANOVA - $\text{Eta}^2 = 0,1438$			

<sup>φ</sup>Desimale kommas is weggelaat.

\*Betekenisvol 1 %-peil.

TABEL 3.5

RESULTATE VAN DISKRIMINANTONTLEDING VIR AGT STUDIERIGTINGGROEPE EN ELF TOETSVERANDERLIKES (SEUNS ST. 8)

Veranderlikes	Eenveranderlike F-waardes	Diskriminantstruktuur-koëffisiënte ( $r_{zf}$ )	
		LDF 1	LDF 2
Nie-verbale IK	4,43*	329 <sup>φ</sup>	-027
SAT: Patroonvoltooing	4,08*	364	-052
SAT: Ruimtelik 2-D	8,66*	437	-399
SAT: Ruimtelik 3-D	6,33*	432	-177
Meetskunde	6,93*	467	-222
Algebra	6,57*	442	-171
SBB: Natuurwetenskappe	5,51*	294	-564
SBB: Rekenkunde	5,45*	418	093
GSZ: Veld 6	18,95*	781	-235
GSZ: Veld 8	14,11*	653	024
HSPV: Faktor I	9,92*	-490	-549
Betekenisvolheid van LDF's		p<0,001	p<0,001
Proporsie variansie bygedra		58,43 %	18,07 %
$H_1$ , gelykheid van dispersie: F462/87702 = 1,10 $H_2$ , algehele diskriminasie : F 77/4178 = 4,65* MANOVA - Eta <sup>2</sup> = 0,3892			

<sup>φ</sup>Desimale kommas is weggelaat.

\*Betekenisvol 1 %-peil.

TABEL 3.6

RESULTATE VAN DISKRIMINANTONTLEDING VIR AGT STUDIERIGTINGSGROEPE EN ELF TOETSVERANDERLIKES (SEUNS ST. 10)

Veranderlikes	Eenveranderlike F-waardes	Diskriminantstruktuur-koëffisiënte ( $r_{zf}$ )	
		LDF 1	LDF 2
Nie-verbale IK	11,88*	478 <sup>φ</sup>	-004
SAT: Patroonvoltooiing	11,27*	466	-050
SAT: Ruimtelik 2-D	9,06*	424	023
SAT: Ruimtelik 3-D	14,33*	505	148
SBB: Natuurwetenskappe	14,73*	491	-336
